

26 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 98

Fokusgedeelte: Psalm 89:4-6

God se Koningskap rede om te jubel

Die volk Israel het by verskillende geleenthede ervaar hoe God as Koning hulle uit groot benoudhede verlos en gered het. Dit nogal nadat hulle dikwels self as gevolg van sonde die oorsaak van hulle ellende was. Tog was daar keer op keer die verlossing deur hulle Koning wat jubeling opgewek het.

Ons, as gelowiges vandag, beleef God se Koningskap op 'n heel besondere wyse. Dis in die verlossing wat Jesus as Koning oor Satan en sy ryk in ons belang behaal het. Dit lei daartoe dat Jesus, ons Vriend (vgl. Joh 15), die Koning van konings word aan wie enige en elke gesag onderworpe is. Dit behoort ons met soveel dankbaarheid te vul dat om sy lof te besing, heelyd by ons sal lewe.

Kom ons trek dit nog 'n tree verder: die feit dat die kerk vandag nog bestaan en jy en ek daarvan deel kan wees, het alles te doen met die beskerming en sorg van Jesus as Koning oor sy kerk. As mense self die kerk in stand moes hou, sou dit maar 'n groot tragedie afgegee het. Daarom behoort die lof van God en Jesus as Koning oor die bestaan en oorlewing van die kerk besing te word.

Onthou: soos die volk van God van die Ou Testament, is ons as God se volk van die Nuwe Testament sondaarmense. Verdien ons nie beskerming en bewaring nie. Tog, in sy groot genade en vanuit sy liefde, staan ons Koning daar vir ons. Rede om te sing – VERSEKER!

Laat elke vorm van oorwinning wat jy beleef en waaroor jy kan dink waarin God jou laat deel, jou aanspoor om met volle oorgawe (dit is wat vers 4-6 wil deurgee) te sing en te jubel. Maak dit 'n saak van gebed dat die Heilige Gees jou daartoe altyd bly opwek. God en Christus as Koning kan in elk geval nooit genoeg besing word nie.

Sing: Psalm 98:1, 3 (Totius)

Ds P Fanoy (Ontdekkers)